

Prospektus



LAERSKOOL CHARLO

INHOUDSOPGAWE

| | |
|--|----|
| ONS MISSIE | 3 |
| ONS VISIE | 3 |
| SKOOLLIED | 3 |
| SKOOLWAPEN EN LEUSE | 3 |
| ONS SKOOL | 4 |
| PERSONEEL..... | 4 |
| VOORSKOOLSE AFDELING | 4 |
| DIDAKTIESE HULPSPAN | 5 |
| KULTURELE AKTIWITEITE | 5 |
| BUITEMUURSE AKTIWITEITE | 5 |
| REKENAARSENTRUM..... | 6 |
| NASORGSENTRUM..... | 6 |
| OUER-ONDERWYSERVERENIGING | 6 |
| ONDERSTEUNERSVERENIGING | 6 |
| BOEKE | 6 |
| SKOOLGELDE | 7 |
| SNOEPWINKEL | 7 |
| DAAGLIKSE PROGRAM..... | 7 |
| LEERAREAS | 8 |
| JAARLIKSE PRYSUITDELINGS | 8 |
| KLEREBANK | 9 |
| VOORGESKREWE SKOOLDRAG..... | 9 |
| SPORTDRAG..... | 9 |
| SKOOLREëLS (Sien Code of Conduct)..... | 10 |

ONS MISSIE

Die Missie van Laerskool Charlo is om hoë gehalte onderrig aan leerders te verskaf deur waardegedrewe opvoeding.

ONS VISIE

Die Visie van Laerskool Charlo is om in elke behoefte van 'n leerder te voorsien, sodat hul volle potensiaal bereik kan word.

SKOOLIED

Hoog bo ons stad so vriend'lik
Staan ons trou in die Geloof
Die blou is van Algoabaai,
Die Goud ons anker vas.

Die glans van sterre bo ons
bestraal ons Lewensbaan,
As ons eensgesind vergader
Hoor u ons tesame sing:
Ons kom van Charlo, (2x)
Om te strewe na 'n doel
Want ons skool is Charlo (2x)
Aan wie ons hulde bring.

SKOOLWAPEN EN LEUSE

ONTWERPER: MNR OTTO HEUNIS

Die silwer lyne en die ligteblou agtergrond simboliseer die see waaroor ons voorvaders na hierdie land gevaar het. Die sterre was hul rigtingwyser en die "Anker van Geloof" en ons Hemelse Vader is ons bron van krag en die grondslag van ons Onderwys.

ONS SKOOL

Laerskool Charlo bestaan uit 'n Voorskoolse afdeling, Preprimêr en Graad R en die hoofstroom, Graad 1 tot 7.

Laerskool Charlo is 'n parallelmediumskool wat sy deure in Januarie 1973 geopen het, met Mnr O B Heunis as die eerste Prinsipaal. In Maart 1974 neem Mnr J R Viljoen die leisels by Mnr Heunis oor tot en met sy aftrede in 1992. Mnr A. E van Schalkwyk was vanaf Januarie 1993 tot Maart 1995 prinsipaal. Mnr J McLeod, is in Julie 1995 aangestel en tree in Februarie 2018 af. Ons huidige skoolhoof is Me A Daniell

Daar is tans 570 leerders in die skool. Die leerdertal per klas wissel, maar daar is maksimum van 34 leerders per klas. Daar is een klas vir elke graad in beide Engels en Afrikaans. Ons Hulpklas is dualmedium.

PERSONEEL

Die personeel bestaan uit die Skoolhoof, Adjunkhoof, 2 Departementshoofde, 20 Onderwysers, Studentonderwysers en een Deeltydse Onderwyseres vir Xhosa asook een vir Kuns. Die administrasie van die skool word deur drie Sekretaresses behartig, terwyl die 2 opsigters, bygestaan deur 7 werkers, in beheer van die onderhoud en skoonmaak van die skool is.

VOORSKOOLSE AFDELING

By ons skool is daar 2 Preprimêre klasse (1 Afrikaans en 1 Engels) asook 2 Graad R klasse (een Afrikaanse klas en een Engelse klas), wat deur die skool gefinansier en geadministreer word. Die Departementele Sillabus word gevolg.

VORDERINGSVERSLAG

U sal 'n vorderingsverslag van u kind aan die einde van elke kwartaal ontvang. Terugvoer aan ouers oor hul kinders se vordering word ten minste twee keer per jaar per afspraak gedoen. As die verlangde stadium van ontwikkeling nog nie bereik is nie, is dit nie u kind se fout nie. Dit beteken slegs u kind is nog in 'n ontwikkelingsfase.

DIDAKTIESE HULPSPAN

Waar leemtes ontstaan ten opsigte van Spelling, Wiskunde, Skriftelike werk en Taalervaring by die Grondslagse leerders, word aan leerders wat nie aangewys is op voltydse Remediërende Onderwys nie, hulp verleen. Die klasonderwyser sal die leerders identifiseer. Gr 6 en 7 leerders mag ekstra Wiskunde klasse gratis bywoon voor skool.

KULTURELE AKTIWITEITE

Junior en Senior Koor, Spraak en Drama, VCSV, Skaak, Entrepreneursklub en Skoolkoerant asook Orff Ensemble maak alles deel uit van ons kulturele aktiwiteite.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

VOORSKOOLSE GROEP

Sportafrigting vir die Graad R leerders word gedurende skoolure gedoen

Addisionele bedrywighede vir voorskoolse groep teen ekstra kostes:

Monkeynastix gedurende skoolure in vryspeltyd
Kunsklasse op sekere middag vanaf 15:00 - 17:00 (Skakel die skool vir inligting)

Balletklasse deur Susan Zerbst (Tel: 3604082 na-ure)

Jungle Gym Kidz by Mandy (0833897665)

SKOOLGROEP GRAAD 1 TOT 7

Sportafrigting vir die Graad 1 en 2 leerders word vanaf 13:45 tot 14:30 aangebied.

GRAAD 3 TOT 7 (14:30 tot 15:30)

DOGTERS:

Netbal
Hokkie & Mini-Hokkie
Atletiek
Tennis
Groenbal tennis

SEUNS:

Rugby
Krieket & Mini-Krieket
Atletiek
Tennis
Groenbal tennis

Addisionele bedrywighede teen ekstra kostes:

Ballet
Karate
Gholf

Future Kings
PeeWee Sport
Moderne dans

REKENAARSENTRUM

Ons skool is baie trots op ons ten volle toegeruste Rekenaarsentrum, waar alle leerders van die skool die geleentheid kry om self op 'n rekenaar te werk.

NASORGSENTRUM

Daar is ook 'n nasorgsentrum op ons skoolperseel wat self-onderhoudend is. Die leerders is in goeie sorg en word bygestaan met die voltooiing van hulle tuiswerk. Hier is tans 11 personeellede in diens en daar word daaglik n gesonde middagete aan die leerders voorsien.

OUER-ONDERWYSERVERENIGING

Die skool spog met 'n baie aktiewe OOV. Alle ouers is outomaties lid van die OOV. Die doel van die OOV is om geleenthede te skep waar ouers en onderwysers mekaar formeel en/of gesellig kan ontmoet. 'n Verdere doel van die OOV is die insameling van fondse om sodoende die fasiliteite van ons skool te verbeter en in stand te hou.

ONDERSTEUNERSVERENIGING

Die skool spog met 'n baie sterk ondersteunersvereniging. Die doel van die vereniging is om ouerbetrokkenheid te bevorder en om fondse in te samel vir Sport en Kulturele Bedrywighede.

BOEKE

Boekegeld word by skoolgeld ingesluit. Ouers is verantwoordelik vir die aankoop van skryfbehoeftes asook die sakrekenaar en meetkundestel, waar van toepassing. Ouers sal ingelig word oor die lys van addisionele benodigdhede.

SKOOLGELDE

Die grootste gedeelte van die skool se inkomste word in die vorm van skoolgeld van die ouers verhaal. Die gelde is noodsaaklik vir die daaglikse uitgawes van die skool. Skoolgeld word jaarliks hersien.

SNOEPWINKEL

Die snoepwinkel by die skool is 'n privaatonderneming. Alle produkte is uiters bekostigbaar en getuig van hoogstaande gehalte. Die snoepwinkel word gedurende pouses en na skool beman vir aankope.

VOORSKOOLSE GROEP:

Vrydae is snoepiedag. Snoepiegeld moet in 'n gemerkte geldsakkie/ beursie wees. Hierdeur wil ons die kleuters leer om met geld te werk. Dit is nie verpligtend om by die Snoepwinkel te koop nie.

DAAGLIKSE PROGRAM

VOORSKOOLSE GROEP:

Die skool begin elke oggend om 08:00 en sluit weer in die middag om 12:00 vir die Preprimêre leerders. Vir die Graad R leerders sluit die skool om 12:30.

HOOFSTROOM:

Die skool begin elke oggend om 07:50 en sluit weer in die middag om 13:35 vir die Graad 1 en 2 leerders. Vir die Graad 3-7 leerders sluit die skool om 14:05 vanaf Maandae tot Donderdae. Eerste pouse is vanaf 10:00 tot 10:20 en tweede pouse vanaf 12:20 – 12:35 vanaf Maandae tot Vrydae. Op Vrydae sluit die skool om 13:05 vir die Graad 3 leerders, maar gewone tyd vir die res.

Sport begin na skool om 14:30. ('n Sportrooster word aan die begin van die somerkwartaal en weer aan die begin van die winterkwartaal aan leerders uitgereik).

LEERAREAS

Tale
Wiskunde
Natuurwetenskap
Sosiale Wetenskap (Gesiedenis en Aardrykskunde)
Tegnologie
Ekonomie
Lewensoriëntering
Skeppende Kunste

AANVULLENDE STIMULASIE:

Aanvullende stimulasie vind plaas in die vorm van individuele take en probleemoplossingsprojekte. Gedurende die jaar onderneem die leerders gereeld kort uitstappies na aktuele plekke. Langer toere na Oudtshoorn, ens. word vir senior primêre leerlinge gereël. Die skool volg die Algemene Kennis program “Ek Weet”

JAARLIKSE PRYSUITDELINGS

ALGEMENE AKADEMIESE EN SPORT PRYSUITDELING:

Die beginsels van KABV word erken in die aanbieding van die algemene akademiese prysuitdeling. Dit vind gedurende skoolure plaas in die Viljoensaal vir die leerders van Graad R tot Graad 7. Alle leerders, asook die Hulpklas, word by die proses ingesluit. Verrigtinge word in twee sessies verdeel waar Graad R tot 3 voor pouse aan die beurt kom en Graad 4 tot Graad 7 na pouse.

Top presteerders word beloon vir uitstaande akademiese prestasies. Hierdie toekenning staan bekend as “Akademie”. Alle ander balkies word ook by die prysuitdeling uitgehandig.

Ouers word uitgenooi om die verrigtinge by te woon en die personeel is vir hul eie klasse verantwoordelik. Toesprake word beperk tot verwelkoming en bedanking wat deur die Hoofdogter en Hoofseun behartig word.

PRESTIGE PRYSUITDELING:

Hierdie prysuitdeling word beperk tot trofeeënwenners. Minder leerders word hierby betrek aangesien die meeste balkies alreeds by die bogenoemde prysuitdelings hanteer was. Akademie, Kultuur en Sport word gekombineer by die aand.

KLEREBANK

Die skool bedryf 'n klerewinkel, waar ouers nuwe skooldrag kan bekom. Ouers word ook aangemoedig om kledingstukke wat te klein geword het, of nie meer nodig word nie, aan die klerebank te skenk.

Die klerebankure gedurende die skoolkwartaal is Dinsdae en Donderdae vanaf 09:00 tot 13:00.

VOORGESKREWE SKOOLDRAG

Seuns

Somer:

Wit gholfhempie met wapen

Kort grysbroek

Lang grys kouse met skoolkleure

Swart skoolskoene

Sweetpakbaadjie

Winter:

Skoolsweetpak

Blou trui

Wit gholfhempie

Lang grys kouse

Swart skoolskoene

Sweetpakbaadjie met warm insetsel (opsioneel)

Serp, handskoene en beanie in skoolkleure

Dogters

Somer:

Wit gholfhempie met wapen

Kort wit sokkies

Swart skoolskoene

Sweetpakbaadjie

Broekromp Gr 1 - 3

Winter:

Skoolsweetpak

Blou skooltrui

Wit gholfhempie (lang moue opsioneel)

Wit sokkies

Swart skoolskoene

Lang Grys kouse met skoolkleure

Broekromp Gr 1 - 3

Sweetpakbaadjie met warm insetsel (opsioneel)

Serp, handskoene en beanie

SPORTDRAG

Netbal: Wit Charlo gholfhempie, blou broekrompie, wit sokkies, oorwegend wit seilskoene

Hokkie/Mini-Hokkie: Wit Charlo gholfhempie, blou broekrompie,

lang grys skoolkouse met strepie, oorwegend wit seilskoene of hokkiestewels.

Rugby: Rugbytrui, wit kortbroek

Krieket/Mini-krieket: Wit Charlo gholfhempie, wit kortbroek, lang wit kouse met strepie, oorwegend wit seilskoene

Atletiek: Frokkies en broeke word deur die skool op 'n leenbasis verskaf. Ouers mag die kledingstukke aankoop by die klerebank.

Tennis/Mini-tennis: Dogters - Wit Charlo gholfhempie, blou broekrompie, wit sokkies, oorwegend wit seilskoene. Seuns - Wit Charlo gholfhempie, wit kortbroek, wit kouse, oorwegend wit seilskoene

Liggaamlike Opvoeding: Wit Charlo gholfhempie, blou broekrompie- dogters; wit kortbroek - seuns

Alle sportdrag is deur die skool se klerebank verkrygbaar.

Die skoolsweetpak, vir leerders wat aan interklub- of interskolekompetisies deelneem, word vereis. Om te voorkom dat klere verlore raak, is dit noodsaaklik dat elke kledingstuk **DUIDELIK GEMERK** word. Dit sal help om die eienaar van die klere, wat by die skool agtergelaat is, op te spoor. Ouers se samewerking word gevra deur toe te sien dat hul kinders volgens die voorgeskrewe skooldrag geklee is. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies van enige artikels nie.

SKOOLREëLS (Sien Code of Conduct)

LAERSKOOL CHARLO

MILESWEG
CHARLO
6070

POSBUS 5393
WALMER
6065

Tel.: 0413671172

Faks.: 0413672334

Webtuiste: www.charlo.co.za

E-pos Adres: info@charlo.co.za